**Hersieningsoefening (Hoofstuk 13)**

Lees deur die onderstaande teks en beantwoorde die taalvrae wat daarop volg.

**SOPRAAN UIT SOSHANGUVE**

**Caroline Modiba se wêreld is een wat min mense hulle kan voorstel. Dié jong sopraan is op pad Brittanje toe waar wêreldverhoë haar tuiste sal wees.**

1. Op die taxi van Soshanguve na Pretoria wou iemand eendag weet wat sy vir ’n lewe doen. “Ek is ’n operasanger,” het Caroline droogweg geantwoord. Die vrou het gelag, want sy kon nie verstaan dat ’n mens kan opera sing en geld verdien nie. “As kind wou ek asseblief tog net ’n TV-aanbieder word. Dit was vir my so *cool*, maar musiek het my lewe verander.”
2. Klassieke musiek het deure na wêreldverhoë oopgemaak – sprokiesmooi Europese stede en pragtige tale soos Frans, Italiaans en Duits.
3. Maar dit is oor die vooruitsig van dié volgende twee jaar waaroor die sopraan van opgewondenheid kan bars. Caroline het verlede jaar ’n beurs gewen.
4. ’n Dag voor die oudisies vir die beurs van R300 000 het haar sangdosent haar genader om vir ’n oudisie te gaan.
5. Daar was so **baje** talentvolle **singers** wat ook aan die oudisies **deel geneem** het, maar ’n paar **wieke** later was die e-pos in haar **inboxs** – sy het die beurs gekry!

*[Verwerk uit: Vrouekeur 10 Julie 2015 bl. 10, deur Maretha Botes]*

1. Wat beteken die volgende uitdrukking? *“... waar wêreldverhoë haar tuiste sal wees”* (1)

2. Wat beteken die volgende uitdrukking in par.2? *“...musiek het deure na wêreldverhoë oopgemaak.”* (1)

3. Skryf die volgende afkorting in par.1 volledig uit: TV (1)

4. Gee die afkorting vir Pretoria. (1)

5. Vertaal die volgende sin in par.1 in korrekte Afrikaans: “Dit was vir my so *cool* ...” (1)

6. Waarvoor staan die “R” voor die 300 000 in par.4? (1)

7. Wat word die volgende aksentteken in par.3 in “dié” genoem? Wat is die funksie daarvan? (2)

8. Waarvoor staan die “e” in “e-pos” in par.5? Skryf dit volledig uit. (1)

9. Gee die afkorting vir “jaar” in par.3. (1)

10. Skryf die vetgedrukte woorde in par.5 korrek oor. (5)

Totaal: 15

Hierdie bladsy mag gekopieer word.

**Memorandum van Hersieningsoefening (Hoofstuk 13)**

1. Wat beteken die volgende uitdrukking? *"... waar wêreldverhoë haar tuiste sal wees"* (1)
*Daar waar sy op verhoë wêreldwyd sal optree en sal tuis voel.*

2. Wat beteken die volgende uitdrukking in par.2? *"...musiek het deure na wêreldverhoë oopgemaak."* (1)
*Musiek het vir haar die geleentheid gegee om op die wêreldverhoë te kan optree.*

3. Skryf die volgende afkorting in par.1 volledig uit: TV (1)
*televisie*

4. Gee die afkorting vir Pretoria. (1)
*Pta.*

5. Vertaal die volgende sin in par.1 in korrekte Afrikaans: "Dit was vir my so *cool*...." (1)
*Dit was vir my so lekker.(Aanvaar ook ander sinvolle vertalings).*

6. Waarvoor staan die "R" voor die 300 000 in par.4? (1)
*Rand*

7. Wat word die volgende aksentteken in par.3 in "dié" genoem? Wat is die funksie daarvan? (2)
*'n Akuutteken (1) en dit plaas klem op die woord (1).*

8. Waarvoor staan die "e" in "e-pos" in par.5? Skryf die volledig uit. (1)
*elektroniese*

9. Gee die afkorting vir "jaar" in par.3. (1)
*j.*

10. Skryf die vetgedrukte woorde in par.5 korrek oor. (5)
*baje – baie; singers – sangers; deel geneem – deelgeneem; wieke – weke; inboxs – inboks*

**Totaal: 15**